Gestuur: uit die kokon!

Deut 9:1-6

Inleiding

- Hoekom is daar in die portaal ‘n klompie skilderye
  - van ‘n papie in ‘n kokon
  - wat besig is om uit te breek?

- Want dit is ‘n wonderlike manier
  - om te verduidelik waarop ons hierdie kwartaal in ons FOKUStyd gaan fokus:
- Wat is dit?!
  - Twee dinge:
    - Vertroue en Vaardighede
    - ...wat nodig is om as gestuurdes van God uit ons kokon te klouter
    - sodat sy heerlikheid vir ons vriende en bure duidelik is.

- Meeste mense in Trinitas weet teen die tyd dat jy ‘n *gestuurde* is.
  - Maar daar is veral twee blokkasies wat baie van ons keer om regtig iets daaraan te doen.
  - Vertroue en vaardighede.
    - Vertroue om uit jou kokon te klouter die onbekende in
    - En dan vaardighede, die praktiese ‘skills’ om dit te doen
  - Is dit die hoof dinge wat jou dalk laat huiwer?

- Vandag begin ons by die vertroue-deel hiervan.
    - Die volgende twee Sondae oor die vaardighede

Ons gaan leer uit Deuteronomium 9:1-6

[Lees teks: Deut 9:1-6]

- Die Here sê drie dinge hier vir sy gestuurdes:
    - Weet wat wag (v1+2)
    - Vertrou my beloftes (v3)
    - Moenie te veel van jouself dink nie...
        - dit is my krag wat gaan werk (v4+5+6)

Weet wat wag

- Dit was nie die eerste keer dat Israel op die punt was om die beloofde land in te gaan nie.
    - Die eerste keer was hulle te bang
        - En die Here het hulle op ‘n 40 jr uitstappie deur die woestyn gevat.
        - sodat hulle moes leer dat hulle Hom kan en moet vertrou.
- Nou, 40 jr later kry hulle kinders die kans.
    - Moses gaan die keer agterbly
        - en is besig om afskeid te neem.
    - Deur Moses waarsku God hulle
        - om tog hierdie keer op die Here se krag te vertrou.

- Hier staan die Israeliete weer

- Hulle onthou nog die stories wat deur die eerste ou spioene vertel is oor die land.
- ‘n Land van melk en heuning – maar ook van reuse en magtige stede.

- In vers 1 en 2 sien ons dat die Here vir die volk presies uitspel wat op hulle wag.
  - Hulle moet deur die sterk Jordaan rivier trek wat op daardie plek – oorkant Jerigo – 4-6 m diep is!!
  - Net om in die land te kom van die Enakiete, reuse mense,
  - en stede soos Jerigo met versterkte mure soos ‘n fort.

- Die Enakiete was kolossale mense.
  - Ons lees in Deut 3, Koning Og van Basan se bed was van yster
    - 4 meter lank en 2 meter breed.
  - Goliat was ook ‘n afstammeling van hulle.
    - Toe sou Israel bang wees vir een van hulle.
    - Maar nou is hier baie!

- Die Here het reguit met sy mense gepraat
  - Hy het niks weggesteek nie.
  - Hulle moet weet wat wag!

- Ook in die Nuwe Testament sê Jesus
  - dat sy mense teenstand kan verwag, selfs gehaat en doodgemaak sal word (Joh 15; 16).
  - Nêrens belowe die Here dat als vlot sal loop omdat ons sy kinders is nie.

- Maar hoekom so reguit-eerlik oor die probleme wat wag?
    - Die boodskap is eenvoudig: Nie jy, in jou eie krag kan vir my werk nie.
    - Eenvoudig gestel - Jy kan nie doen wat jy moet, as jy dit self wil doen nie.
        - Johannes 15+16 brei uit op hoe die Gees sal kom en ons sal leer en wys en lei, ons sal net moet volg.

- In Sag 4:4 hoor ons ook: *"Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige"*

...

- Is dit nie dalk hoekom soveel van ons
        - as die Here se gestuurdes
    - huiwer om iets vir Hom te doen nie
        - "Ek sal kerk toe kom maar moenie met my karring oor die res nie."
            - Ons bly toegespin in ons kokon – te bang om uit te kom
                - en die Heilige Gees te vertrou
                - en sy werk te leer ken.
    - Daarom bang
        - Om met 'n ongelowige vriend te praat oor jou geloof
        - Om 'n vriend of kind wat besig is om af te dwaal te nooi vir koffie en bietjie daaroor te gesels nie

        - Of net vir ‘n dienswerk in die kerk jou hand op te steek
    - Of dalk het jy moed bymekaar geskraap,
        - Hierdie dinge probeer,
        - dit het in jou gesig ontplof
        - en jy wil nie weer daaraan vat nie
            - maar sien, jy het dit alleen aangepak.

- Sien – ons kyk na ons eie krag en meet dit teen die groot taak...
    - en dan is die som mos maklik – ek is te min en te dun.

- Nou wat ons hier leer is: God weet dit is so!
- En ons is heeltemal reg – ons krag ís te min
- Hy wil eintlik hê ons moet dit besef – daarom so eerlik
- Maar Hy wil nie dat ons uit vrees daar in ons kokon vassit nie.

Onthou die beloftes van die Here

- Daarom kom vers 3

“Maar onthou: die Here jou God gaan voor jou uit deur die Jordaan. Hy is ‘n verterende vuur. Hy sal die Enakiete oorweldig en aan jou onderwerp. Dan sal jy hulle kan verslaan en hulle gou uitwis soos die Here jou beloof het.”

- Die Here gee hier vir hulle beloftes om aan vas te hou:
    - Hy sal voor hulle deur die Jordaan trek.
    - Hy sal die reuse Enakiete oorwin.

- Al lyk dinge woes,

- loop nog steeds vorentoe terwyl jy
  - glo en vertrou en wag
  - dat Ek sal opdaag en werk!

- God gee baie beloftes vir ons om aan vas te hou en te vertrou
- Ons lees bv in Jos 21:43 hoe God sy beloftes oor die beloofde land gehou het.
  - *43Die Here het aan Israel die hele land gegee wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. Hulle het dit in besit geneem en daar gaan woon. 44Die Here het hulle na alle kante toe rus gegee soos Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. ....45Nie een van al die goeie beloftes wat die Here aan Israel gemaak het, het onvervul gebly nie. Almal is nagekom."*

- Daar waar jy gehoorsaam uit jou kokon kruip, die tree gee en op sy krag en Gees wag om te werk, werk Hy!
  - Waar jy
  - By sy beginsels bly en doen wat jy weet reg is
  - En sy Gees se leiding volg

- Kom ons dink aan 'n soortgelyke belofte in die Nuwe Testament aan ons, sy kerk

- Mat 28 - "<u>Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.</u> 19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. <u>En onthou:</u>

Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

- Hy belowe dat Hy die mag Het
- Hy belowe dat Hy altyd by ons is
- En tussenin: dat jy net uit jou kokon moet kruip en die taak
  - Te groot vir jou
  - Moet aanpak.
- Sy krag sal dan duidelik word soos Hy op sy tyd werk.

- En wanneer sy werk dan begin om deur jou te werk?

...Moenie hoogmoedig wees nie

- Die Here ken ons al te goed
- Hy weet dit sal nie lank wees voordat sy mense dink
  - Sjoe – kyk hoe wonderlik is ons
    - ons het Jerigo en die Reuse verslaan

- Drie keer, asof die Here dit wil inhamer sê Hy....
  - Dis nie omdat julle volmaak is nie.
  - Dis nie omdat julle volmaak is nie.
  - Dis nie omdat julle volmaak is nie

- HOEKOM DAN IS DIE VRAAG!!

  - dit is omdat daardie mense godloos is dat ek optree en werk.
  - Daar is onreg en sonde aan die gang in jou gemeenskap.

        - Dit bring pyn en skade en seer.
    - En God wil dit juis aanspreek met Israel, met jou,
        - wat eintlik heeltemal te klein is vir die werk

- Hoekom?!
    - Sodat God raaksien sal word, en sy werkers misgekyk sal word.
    - Hy doen deur 'n ou klein volkie die onmoontlike!
- Deut 7:7

7"Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.

- Die evangelie
    - Dit is presies wat met Jesus aan die kruis gebeur
    - God het nie gekom en ons oorgekoop
        - omdat ons sterk is
        - en nou het Hy ons hulp nodig om sy werk te doen nie.
    - Hy vat juis vir Hom die wat weet hulle is swak en kan nie
        - Die wat Hom dan vertrou vir lewe
        - En daarna ruimte gee om deur hulle te lewe met sy Gees.

- Die kerk wêreldwyd, en Trinitas, en jy, is God se spesiale mense wat Hy gekies het om
        - – nie net sy koninkryk in te gaan nie –
        - maar om sy koningskap in Vanderbijlpark in te laat gaan
    - soos wat jy in swakheid uit jou kokon kruip

- en geleenthede vat waarin Hy wil werk op sy tyd en manier.

- As ons deur die Bybel lees gebruik God baie keer aspris nie die belangrike en sterk mense nie?!,
  - Sodat sy mag en majesteit kan skitter deur wat Hy met ons eenvoudige mense regkry.

Slot

- Ons is 'n verloste familie diensknegte wat gestuur is.
  - Gestuur om uit jou kokon te kruip.

- Nie omdat jy dink jy is sterk genoeg vir die wêreld daarbuite nie.
- Maar omdat jy sy beloftes vashou dat Hy sterk genoeg is vir die wêreld daarbuite.
- En jy sal verstom wees wat Hy in en deur jou wil en kan doen.
  - Al is dit op 'n pad van teëspoed en probleme

- As jy voel jy is te min... jy is reg!
  - Moenie van die gevoel probeer wegkom nie
  - Dit is eerder die waarheid wat jou na God te laat draai
  - Wat jou sy genade laat smaak in die evangelie
  - Sodat Hy sy werk in en deur jou sal doen op sy tyd.

- Vir sy gestuurdes sê die Here:
  - Weet wat wag
  - Gaan en vertrou my beloftes

    - Moenie te veel van jouself dink nie...
        - dit is my krag wat gaan werk.

- Waar is vir jou ‘n plek waar jy so eerste tree uit jou kokon kan gee
    - Waar jy heeltemal te min voel
    - Maar waar jy die Gees se werk deur jou kan leer ken?
    - En God sal kan skitter?

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
6 Nov 2016
FOKUStyd: Gestuurdes
Deel 1 van 3